# ‘Droomfoto’s’ deur amateur-fotograwe

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateurfotograwe, het tydens die Maart-klubaand weer treffende foto’s opgedis.

In die swart-en-wit kategorie is senior-fotograaf, Mietsie Visser, se ***Leopard up close*** as die wenner aangewys. Mietsie en haar man Henry, is natuurliefhebbers en reis graag in Afrika.

Daarby het Mietsie ‘n fyn oog, wat maandeliks vir spogfoto’s sorg.

In die ope-afdeling waar enige foto’s ingeskryf kan word, is Vaalweekblad se Elsje Vermeulen se ***Goldfish*** as die wenfoto in die junior-afdeling (1 tot 3 Ster) aangewys en Hennie Karsten se ***Dreaming*** as die senior-wenfoto (4, 5 Ster en hoë) aangewys. Hennie se foto bewys dat ‘n sensuele foto ‘n pragfoto kan wees.

Die maandtema **“Two of a Kind”** het nie net vir goeie foto’s gesorg nie, maar die vindingrykheid wat aan die dag gelê is, het die beoordelaars behoorlik laat kopkrap. Vir dié tema moes twee soortgelyke mense/voorwerpe/diere uitgebeeld word.


***Curry Spices*** van Sobrina Janse van Rensburg is uiteindelik as waardige wenner aangewys. Die fotoklub het pas ’n baie suksesvolle fotografiekursus by die Klipriver Country Estate in Vereeniging aangebied wat bygewoon is deur 21 geesdriftige kursusgangers. Die kursus was daarop gemik om beginnerfotograwe ’n stewige grondslag te gee in die korrekte gebruik van hulle kameras en toerusting. Die teoretiese opleiding is opgevolg deur praktiese klasse in onder andere landskap, natuur, sport, makro en portret fotografie. Die kursusgangers is ook gewys hoe om basiese fotoverwerking in Photoshop te doen. Kursusgangers was dit eens dat dit ’n puik kursus in terme van verskeidenheid, kwaliteit en gehalte van die aanbiedings was en het die kennis en entoesiasme van die aanbieders ervaar en waardeer.

Alle amateurfotograwe word genooi om klubaande op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor ouditorium, Vanderbijlpark by te woon op die derde Vrydagaand van elke maand, behalwe Desember. Klubaande begin om 18:30.

April se klubaand is reeds op 21 April gehou en die tema van die maandonderwerp was **“Sport”**. Hou gerus die Vaalweekblad dop vir dié uitslae en wenfoto’s. Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa), die nasionale liggaam wat na die belange van amateur fotograwe in Suid Afrika omsien.

PSSA bied elke maand ‘n kompetisie vir geaffilieerde klubs aan en die beste foto tydens ‘n klubaand word vir hierdie kompetisie ingeskryf. Klubwenners skryf maandeliks vir hierdie kompetisie in en wenfoto’s en ander interessante inligting kan by www.pssa.co.za gevind word. Die kontakpersoon is Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

Besoek gerus die klub se nuwe moderne webblad by http://www.vdbp-photo.org/ of besoek ook hul facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke opgelaai word.



Mietsie Visser se “Leopard close up”.



Hennie Karsten se “Dreaming”.



Elsje Vermeulen se “Goldfish”.



Sobrina Janse van Rensburg se “Curry Spices”.